

IRIS AMPENBERGER GEHULDIG

Met die gewaardeerde samewerking van Stefan Ampenberger, mev. Dora Scott en mev. Lotte White het die Nasionale Museum gedurende Februarie 'n huldigingsuitstalling aangebied van die werke van wyle Iris Ampenberger. Eenhonderd van haar werke in olie, waterverf, ink, pastel en steendrukke is ten toon gestel.

Hierdie veelsydige kunstenaress het 17 jaar lank saam met haar eggenoot, Stefan, in 'n karavaan deur die land gereis totdat hulle hul in 1964 op Thaba 'Nchu gevestig het. Sy het gereeld saam met die bekende Vader Claerhout en die

Bloemfonteingroep uitgestal. Daarbenewens was die belangrikste uitstallings waaraan sy deelgeneem het, die volgende:

1952 - Van Riebeeck-uitstalling, Kaapstad;
1961 - Eerste eenman-uitstalling, Kaapstad;
1964 - Derde drie-jaarlikse uitstalling van S.A. Kuns;
1965 - 'S.A. Woman Artists', Kaapstad;
1966 - S.A. Nasionale Kunsvereniging, Kaapstad;
1976 - Universiteit van die O.V.S., Bloemfontein;
1978 - Nasionale Museum, Bloemfontein. ◉



Die foto wat tydens die opening van die uitstalling geneem is toon mnr. Hannes Oberholzer, Direkteur van die Museum, mnr. Stefan Ampenberger en mev. Dora Scott by 'n olieverfskildery deur Iris, 'Girl Reading', wat deur Stefan aan die versameling van die Nasionale Museum geskenk is.